

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 November 2015 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-1:5, 6, 7 (19:5, 6, 7)

- 5 “Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees.”
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / “Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 “Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
krachtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:1, 7 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Gebed

Psalm 65:2, 4 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 4 U is tot in die verste lande, / oor velde grenseloos,
tot by die allerverste strande / die mens se hoop en troos.
Die berge 't U van oue tye / gegrondves deur u mag;
U is omring van alle sye / met wonderbare krag.

Skriflesing: 1 Korintiërs 15:1-11; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 7

Kernvers: 1 Korintiërs 15:8-10

En laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene. Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het. Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorfloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.
(1 Korintiërs 15:8-10 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 7

Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sondes bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is.

Tema: Deur genade is ons wat ons is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, 'n miskraam of 'n doodgebore babatjie of selfs 'n baba wat met erge gebreke gebore word, is van die hartverskeurendste dinge wat in hierdie wêreld met ouers kan gebeur. Iemand wat nog nie so iets beleef het nie, sal nouliks die hartseer van so 'n egpaar kan verstaan. En alhoewel die mensdom sogenaamd al mensliker word met sy baie menseregte, bly die wêreld koud en ongevoelig oor misgeboortes en doodgebore babatjies. In die oë van die wêreld is so 'n babatjie nie eers 'n mens nie, daarom die ongevoeligheid. En 'n baba met gebreke is vir die wêreld wat net vir homself wil leef 'n oorlas en 'n uitgawe. As die kamtige menslike mens kon kies, sou hulle nie gestremdes wou hê nie, want dit is duur om gestremdes in die samelewing te akkommodeer.

Paulus noem homself 'n ontydig geborene. Inderwaarheid is dit nie net Paulus wat 'n ontydig geborene of 'n misgeboorte is nie. Almal **wat waarlik glo en deur die dood van Christus van die sondes bevry en van die verderf gered** is, is ook maar misgeboortes. Ons later weer terugkom op wat ons hiermee bedoel. Kom ons kyk net eers terug na artikel 6 om die voortgang in ons belydenis van artikel 7 te begryp. En wanneer ons by die laaste woorde in artikel 7 kom, sal ons agterkom waarom ons vanaand op so 'n sombere noot begin het.

In artikel 6 bely ons dat die verkondiging van die evangelie nie deurgaans tot bekering en geloof lei nie. Inteendeel, die natuurlike gevolg van die verkondiging van die evangelie is ongeloof. Daar is baie mense wat die evangelie hoor, maar hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie. Dit gebeur nie omdat die evangelie in 'n taal verkondig is wat hulle nie verstaan nie. Dit gebeur ook nie omdat die offer van Christus onvoldoende sou wees of omdat die Heilige Gees nie belangstel om 'n sondaar salig te maak nie. Die oorsaak vir die ongeloof waarin die mens volhard, moet nie by die evangelie of by Christus of die Heilige Gees gesoek word nie. Die oorsaak van die ongeloof moet by die mens self gesoek word.

Mense wat in hulle ongeloof volhard, WIL hulle nie bekeer nie en hulle WIL nie in Christus glo nie. Hierdie mense - al is hulle sondaars - bly self verantwoordelik vir hulle verdorwe toestand. Dit is nie die Here wat die mensdom in die arms van die Satan ingestamp het nie. Die mensdom het in hulle eerste ouers self van die Here af na die Satan toe oorgeloop. Dit het gebeur op daardie droewige dag toe ons eerste ouers in die sonde geval het.

Wanneer ons by artikel 7 uitkom, kom ons weer in besonder by die leer van die uitverkiesing uit. In artikel 7 bely ons dat daar ook mense is wat tot bekering en geloof in Christus kom wanneer hulle die roepstem van God in die evangelie hoor. Na aanleiding van wat ons in artikel 6 bely, kom daar nou 'n vraag by 'n mens op: Glo hierdie mense in Christus omdat hulle hulle verantwoordelikheid nagekom het toe God hulle deur die verkondiging van die evangelie geroep het? Kan 'n mens hulle geloof en hulle verlossing toeskryf aan hulle gehoorsaamheid? Ons bely immers dit is die mens self wat nie wil luister nie as hy in sy ongeloof volhard.

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons mooi kyk na die hoofsin van hierdie eerste deel in artikel 7. Die hoofsin is die laaste deel van die sin: **Hulle ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Ontvang** sê dat die weldaad aan hulle gegee is. Dit is nie hulleself wat dit verdien het of geneem het nie. Hulle het dit ontvang.

Die **weldaad** waarvan ons in artikel 7 praat is die ware geloof (**almal wat waarlik glo**), die

bevryding van die sondes (en deur die dood van Christus van die sondes bevry) en die redding van die verderf (en deur die dood van Christus van die verderf gered word). Hierdie weldaad ontvang die gelowiges slegs deur die genade van God.

Genade is die sleutelwoord om te begryp hoe dit kan gebeur dat sommige mense tot geloof kom en ander mense in hulle ongeloof bly terwyl hulle die een en dieselfde verkondiging van die evangelie gehoor het. Om in die ongeloof te volhard daarvoor is die wil, die verkeerde wil, die verdorwe wil van die mens voldoende. Maar om tot geloof te kom is die vrye genade van God nodig. Nog sterker gestel: Slegs die genade bewerk die geloof. Volkome genade van God bewerk die geloof.

Wat moet 'n mens nou hieruit verstaan? Dit: Wanneer 'n mens sy skuld voor God bely. Dit is genade. Wanneer 'n sondaar leer dat hy Christus nodig het as volkome Saligmaker. Dit is genade. Wanneer die sondaar die Heiland leer ken as Borg en Middelaar. Dit is genade – enkel genade.

In die laaste sin van hierdie artikel bely ons: ***Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee.*** Met hierdie woorde beklemtoon ons dat die bekering en geloof van die ware gelowiges in die besluit van die uitverkiesing vas is. Die weldaad van God se genade, die weldaad van die verlossing lê in die Here vas. Met ander woorde, die weldaad kom nie tot stand deurdat ons mense 'n invloed daarop uitoefen nie. Die beslissing lê reeds in die stille ewigheid. Dat die bekering in die verloop van ons lewe plaasvind, dat die geloof in die tyd deur die Heilige Gees in die gelowige opgewek word, neem die vaste en ewige besluit van God nie weg nie. Wanneer 'n sondaar tot geloof kom, is dit die gevolg van die ewige raadsbesluit van God; dan word gesien en gehoor hoe God sy ewige besluit tot uitvoer bring.

Maar dit is veral hierdie laaste woorde van artikel 7 wat ons aandag vra vanaand – ***hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie.*** Genade kan tog nie iets wees wat die Here aan 'n mens skuld nie. Anders sou die genade geen genade gewees het nie, maar sou die genade gelyk geword het aan 'n reg. Genade is nie iets waarop 'n mens 'n reg kan hê nie, want dan sou dit beteken dat 'n mens dit op die een of ander manier verdien het. Die woord *genade* sê juis dat iets verniet gegee word. Meer as dit; genade is om iets aan iemand te gee of te doen vir iemand wat juis heeltemaal die teenoorgestelde verdien.

Wat besonders is aan hierdie laaste woorde van artikel 7 is om agter te kom **wie** hierdie woorde sê en **vir wie** en **waarom** dit gesê word. Dit is nie die gelowige wat met groot hartseer vir die ongelowige sê: Jong, jy moenie vir die Here kwaad wees omdat Hy nie aan jou die genade van geloof en bekering gegee het nie, want die Here is dit aan niemand verskuldig nie. Dit is ook nie betaamlik om te dink dit is 'n gelowige wat vanuit die hoogte dit vir 'n ongelowige sê omdat die gelowige genade ontvang het en die ongelowige nie – met die byvoeging, maar onthou die Here is dit nie aan jou verskuldig nie. Dit is eerder die gelowige wat eerste vir homself en ook vir ander mense met aanbiddende verwondering sê: Ek het hierdie groot genade ontvang om in Jesus Christus te mag glo terwyl die Here dit geheel en al nie aan my verskuldig was nie en ek dit hoegenaamd nie eers werd is nie.

Dit is hierdie aanbiddende verwondering wat ons in Paulus se woorde hoor wanneer hy vertel dat die opgestane Here Jesus laaste van almal ook aan hom verskyn het. In groot dele van hierdie eerste brief aan die Korintiërs het Paulus sy eie apostelskap verdedig, want daar was mense in Korinte wat Paulus verkleineer het. Dit het veroorsaak dat sommige lidmate in Korinte allerhande snaakse dinge begin aanvang het en Paulus se

apostoliese gesag begin betwyfel het.

In 1 Korintiërs 15 skryf Paulus hoofsaaklik oor die opstanding van Christus en die uiteindelijke opstanding van die gelowiges op die laaste dag. Daar was immers ook mense wat 'n klomp onsin oor die opstanding kwytgeraak het omdat hulle Paulus se apostoliese gesag verwerp het. In vers 3 tot 8 vat Paulus die hoofsake van die evangelie wat hy verkondig het saam. Een van die hoofsake van die evangelie is juis die opstanding van Christus (1 Kor 15:4). Daarom is die opstanding op die derde dag ook deel van ons belydenis wat ons elke Sondag bely. Indien Christus nie uit die dood opgestaan het nie, sou ons geloof waardeloos wees – meer, ons sou die bejammerenswaardigste van alle mense wees (1 Kor 15:17, 19). Indien Christus nie uit die dood opgewek is nie, sou daar geen sekerheid wees dat sy dood werklik die straf op die sonde was nie. Deurdadig God egter sy Seun uit die dood opgewek en Hom tot in die hemel aan sy regterhand verhef het, het gelowiges die waarborg dat die Vader Christus se offer aanvaar het.

Na die samevatting van die evangelie vervolg Paulus met 'n lys van mense wat ooggetuies was dat Jesus werklik uit die dood uit opgestaan het. Petrus word heel eerste genoem as 'n getuie van Jesus se opstanding en Paulus noem homself heel laaste. Paulus noem juis dat hy die opgestane Jesus gesien het omdat dit een van die vereistes is om 'n apostel te wees (vgl. Hand 1:22). As Paulus homself dan 'n ooggetuie noem, praat hy van die gebeure op die pad na Damaskus toe Jesus aan hom verskyn het en Paulus tot bekering en geloof in Jesus gekom het (Hand 9:3-6).

Ons kom terug na Paulus se beskrywing van homself as 'n ontydig geborene of misgeboorte. Met hierdie woorde sê hy dat hy eintlik iets is wat gebore is maar wat nie waardig is om 'n mens genoem te word nie. Van al die apostels is hy die geringste en nie werd om 'n apostel genoem te word nie. Paulus is nie nou besig om self sy apostoliese gesag te minag nie. Hy wil eerder onder woorde bring hoe onwaardig en onverdienstelik hy is om 'n apostel te wees en genoem te word. Hy is eintlik iets wat moes weggegooi wees – 'n misgeboorte – en tog het die Here Jesus aan hom verskyn en uitnemende genade aan hom bewys.

Die woord wat ons met *werd* vertaal, kan ook vertaal word met *bekwaam* of *kwalifiseer*. Paulus sê hy is nie bekwaam om 'n apostel genoem te word nie, want sy gedrag diskwalifiseer hom eintlik. Hy het die kerk van die Here Jesus soos 'n besetene vervolg. Hy het na die dood van Stefanus wat hy ook goedgekeur het net een doel voor oë gehad en dit was om die kerk van Jesus en die Naam van Jesus van die aardbodem af te laat verdwyn.

Geliefdes, toe Paulus die dag op pad was na Damaskus met die briewe van die hoëpriester aan die sinagoges waarheen hy op pad was om die aanhangers van die leer van die Here gevange te neem, het Paulus nie geloof en wonder of die leer aangaande Jesus tog reg was nie. Hy het nie met 'n boekrol van die profeet Jesaja geloof en naslaan of Jesus tog die egte Messias is wat sou kom nie. Vir Paulus was Jesus in daardie stadium niks minder nie as 'n bedrieër wat die oorgelewerde geloof omvergegooi het. Hy was oortuig dat die kerk van die Here 'n gebroedsel is wat uitgeroei moet word. Daar was niks aan Paulus se geaardheid, persoon of gedrag iets wat sou kon sê dat hy miskien tog 'n Christen behoort te wees nie.

Wanneer Christus dan in die skerp lig van sy heiligheid aan Paulus verskyn en die Heilige Gees in daardie oomblikke die wedergeboorte in hom bewerk – gebeur dit slegs omdat die Vader in die ewigheid besluit het Hy gaan Paulus sy kind maak. Die Heilige Gees het aan

Paulus bekering en geloof in Jesus Christus geskenk omdat God aan hom genade wou bewys en nie omdat Paulus daarna gesoek het nie.

Wyd en syd was hierdie totale ommekeer in Paulus se lewe 'n saak waaroor baie gepraat is. Die Christene in Damaskus kon nie glo wat gebeur het nie. Ananias wat Paulus moes gaan besoek het in Damaskus was selfs bang toe die Here hom beveel het om na Paulus toe te gaan. Die enigste rede wat Paulus vir hierdie ommekeer in sy lewe kon aanvoer, is net die genade van God alleen – **deur die genade van God is ek wat ek is**. Paulus noem homself 'n apostel omdat die Here uit genade hom 'n apostel gemaak het. Paulus is 'n Christen omdat die Here uit genade aan hom bekering en geloof geskenk het.

Voor die Damaskus-gebeure wou geen kerk iets met Paulus te doen gehad het nie. Hulle het vir hom weggekrui. Na die Damaskus-gebeure was dit die Jode wat van Paulus niks wou weet nie en hom selfs keer op keer probeer doodmaak het. Maar ondanks al die verdrukking en vervolging wat Paulus aan die hand van sy volksgenote beleef het, het hy sy lewe geheel en al soos 'n drankoffer van dank aan die Here uitgestort. Die genade van God het 'n radikale verandering in Paulus aangebring. En hy kon nooit uitgepraat raak daaroor nie. Selfs in sy ouderdom het Paulus daaroor geskryf sodat mense moet hoor hoe groot en heerlik die genade van God werklik is. Die genade van God het van 'n vervolger van Jesus 'n verkondiger van Jesus gemaak. Hy wat soveel haat en geweld teen die Here Jesus en sy kerk geblaas het, kon nie uitgepraat raak oor die grootheid van Christus se liefde vir sondaars nie.

Dit is egter nie net Paulus wat 'n misgeboorte is nie. Ons almal is ook misgeboortes – nie omdat ons dieselfde geweld en haat teen die Here en sy kerk geblaas het nie. Ons is wel almal misgeboortes omdat ons ook soos Paulus in sonde ontvang en gebore is. Ons is in werklikheid doodgebore, want voordat ons begin glo het, was ons dood in ons sonde (Ef 2:1). En wat word met iets gedoen wat dood is of doodgebore is? Jy raak ontslae daarvan.

Maar wanneer dit 'n mens is aan wie God die genade van ewigheid af in Christus gegee het, bring Hy 'n radikale verandering. Die Heilige Gees skenk aan so 'n mens bekering en geloof in Christus omdat God daardie mens uitverkies het.

Baie van ons wat vandag in Christus glo, het in huise grootgeword waar ons die Here van kleins af leer ken het. Ons kan nie soos Paulus aanwys waar die genade van God daadwerklik in ons lewe ingebreek het nie. Maar die Here het juis sy genadedaad met Paulus vir ons opgeteken sodat ons kan verstaan wat Hy met elke gelowige gedoen het. Mag die Heilige Gees ons weer 'n keer in aanbiddende verwondering laat staan – deur die genade van God is ons wat ons is terwyl ons eintlik nie werd is om gelowiges te wees nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 November 2015